

### 3 Augustus - MOSES

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-2, 23-28**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:24-28**

**O**ns ken Hebreërs 11 as die portretgalery van gelowiges uit die ou tyd. Vandag staan ons voor die portret van Moses, om te kyk of ons iets van onself daarin herken. Ons sien in hom *drie gelaatstrekke van geloof*:

*Geesteswaardes* – die kortstondige genot van sonde aan ’n heidense hof kon hom nie verlei nie; die skatte van Egipte was vir hom armoedig teen die geestesrykdom in God; die genadeloon van geloof was sy einddoel.

Sien u iets hiervan in u eie lewe? Die aanhoudende aanslag van reklame verlei ons teen ons beterwete in; die suigkrag van blinkgoed word versterk deur maklike koopterme; die skeidslyn tussen reg en verkeerd het ’n stippel-lyn geword. Waar vind u onderskeidingsvermoë?

*Vreeslose volharding* – soos sy ouers (vs 23), was Moses nie bang vir die bevel of woede van die farao nie, want hy het die onsienlike God met geloofsoë gesien (vs 27). Vrees vir verwerping vang mens maklik vas in ongesonde omgewings- en bedenklige bedrywighede.

Hoe vatbaar en vangbaar is u? Is u waar God u wil hê? “Sien” u Hom langs u, óm u, ín u – anders sal u nie kan volhard in geloof nie ...

*Gehoorsaamheid* – daarom het Moses die tweede sakrament, die pasga, (naas die besnydenis) vir Israel op bevel van God ingestel. Daarom het hy die teken van bloed aan deurkosyne laat smeer.

Die Here gee steeds vir sy kinders geloofsversterkmiddels: doop en nagmaal. Dit dien egter geen doel as ons God nie in ons lewe verwag nie, as Hy nie die Bron van hoop en liefde vir u is nie ...

Ek bid saam met u vir geloof soos dié van Moses!

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Ds J Botha (Laeveld)*